ONS het 'n gemummifiseerde haas, die beentjies van 'n ystervarkpoot, antieke kalbasse en 'n paar ander seldsame en eenaardige artefakte in die donker grot opgespoor. Maar van ou pres. Paul Kruger se befaamde miljoene was daar g'n teken nie. Nie 'n enkele ou blink muntstukkie in die stof nie. Ja, nie eens 'n leë sak of trommel wat lyk of dit uit die dae van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) dateer nie. Ons was nie bang nie, want ons is die donker tunnel af saam met vier skatsoekers met spiere onder die moue. Ouens wat weet wat hulle doen. Een van hulle was gewapen met sy pa se antieke geologiese pik, 'n ding met 'n skerp punt wat lyk of dit grotgediertes kan afweer. Om ons almal se kiewe was dik maskers om grotkoorsgoggas uit die longe te hou. Benoude goed wat oor die neus vasklamp en agter die ore vastrek. Maar nie halfpad so benoud soos die donker gange en afgronde waaroor ons moes klouter nie. Maar ons was nie bang nie. Ons het lank voor ons by die grot uitgekom het, geleer dat Kruger-miljoene soek nie vir sissies is nie. Die kraters op die pad tussen Bronkhorstspruit en Groblersdal het ons diep beproef. So ook die grondpad na die plaas waar die grot geleë is. Die ding, vol dongas, minibusse en ander gevare, loop oos aan die voetstuk van Denilton Funeral Undertakers se verslete advertensiebord by die grootpad uit. Verby T.S. Mmako se Driving School, oor die Aaronsrivier tot by nog 'n afdraai noord wat weerskante met geroeste wrakke en bokke bevolk is. Deur 'n diep drif vol klippe en geroeste blikke, verby doringtakkampe waarin maer beeste stowwerige polle droë gras met die neus rondstoot. Reguit in die rigting van 'n reeks donker rantjies, waar die bobbejane klaarblyklik nie wei nie, want hulle hang almal in ongepoetste posisies aan die plaasdrade. Al langs 'n rowwe doringboomlaning met befoeterde takke wat 'n koerantvrou se maatskappy se kar nerfak krap. By drie plaashekke verby tot op 'n stuk plaaspad so rof dat die eenaar daarvan sy bakkie moes bring om die skatsoekers, hul toerusting en die pers verder te karwei. Die laaste kilometer het ons soos pakdonkies te voet, met toerusting op die rug, geloop en geklim. Mnr. Neels Pretorius, eenaar van die grond, is 'n 69-jarige voormalige vevglieënier wat 'n

Tiger Moth in sy motorhuis aanhou en wat, te oordeel na sy vliegstories, ook nie 'n sissie is nie. Maar hy het buite bly sit nadat hy by die bek van die grot instruksies gegee het aan die span skatsoekers wat hy laat kom het om vas te stel of Paul Kruger se skat nie dalk in sy grot lê nie. In die geleedere van die ekspedisie was twee lede van die span skatsoekers waaroor Rapport verlede maand berig het. Hulle beweer hulle is warm op die spoor van die Kruger-miljoene se laaste rusplek in 'n grot "anmerkant" Middelburg. Die grot het hulle op grond van deeglike navorsing as die begraafplaas van die Kruger-miljoene geïdentifiseer. Hulle het dit verlede week, voordat ons na Pretorius se plaas is, vir ons gewys. Maar waar dit is, mag ons nie sê nie. Ons is hand op die hart tot geheimhouding gesweer. Rapport het ná die verskyning van die berig heelwat oproepe gekry van mense wat die skatsoekers met inligting wil help. Die romantiek van die verlore skat leef, honderd jaar nadat dit verdwyn het, lustig voort. Hulle ondersoek Neels se grot, het die skatsoekers gesê, omdat hulle "alle leidrade" oor die Kruger-miljoene opvolg. Maar hulle glo steeds dat hulle dit waarskynlik in die grot "anmerkant" Middelburg sal vind. Die ekspedisie na Neels se grot het bestaan uit Attie Snyman, rolprentmaker van beroep, wat sy pa se geologiese pik in die belt dra, en sy vriend, Tobie Wiese, 'n toureddingspesialis, wat sê hy duik vir sy plesier in die donker, onbekende waters van grotte en ou myne. In die span was ook die rolprentmaker en vlieënier Frans Nel, vir wie die grot kinderspeletjies was ná al die avonture wat hy in die laaste jaar beleef het. Hy is pas terug van Zaïre, waar hy 'n lugdiens bedryf het, in een van sy vliegtuie op die ewenaar neergestort het en deur inwoners van die oerwoud na die beskawing teruggedra is.

Egbert Greeff, safari-operateur, was die vierde lid van die ekspedisie.

Ons was glad nie bang om saam met hulle in die benoude duisternis rond te delf nie, al het die kalbasse en ander houers vol melk en pap en stof, wat oral teen die klipwande gelê het, ons gewaarsku dat daar voorvadergeeste in die grot woon. Die voorvaders het ons nie gepla nie. Ook nie die vier lewendige vlermuise wat ons in die grot teëgekomp het nie. Attie het sy geologiese pik vir niks meer as die uitkap van stukkie klip uit die wande van die grot gebruik nie. Daaruit het hy wys geword dat die grot, waarskynlik 'n ou ystermyne, dalk uit die steentydperk dateer. Die beendere wat ons gevind het, was dié van afgestorwe diere. Daar was nie 'n enkele geraamte, goue munt of ZAR-artefak in die stof nie.

Die Kruger-miljoene is steeds soek.



Goue Kruger-munte

O JITTE, DIE RINGE DAREM!

VROU LAAT DUUR RING (BYNA) DEUR HAAR VINGER GLIP

GOLDEN GATE. 'n Plofstofkundige, 'n metaalverklikker en die bevelvoerder van die Polisie in Clarens en sy vrou was nodig om te keer dat die verlowing van 'n Kaapse paartjie in 'n ramp ontaard toe die verloofring van meer as R10 000 hier tussen berghange verlore geraak het.

Die peperduur diamantring was nog nie eens aan die vinger van mej. Madeleine Mans van Malmesbury nie toe sy en haar aanstaande, mnr John Olde-Olthof van Tulbagh, moes toekyk hoe dit eers teen die krans hop en daarna in die gras verdwyn het.

Madeleine het Maandag glad nie geweet wat op haar wag nie toe hulle tot bo-op 'n hoë rots gestap het en Olde-Olthof die vonkelwyn uitgehaal, die ring skelm in 'n glas gesit het en vir haar gegee het. Sy het die onversekerde ring in haar mond gehad om die taatheid af te kry, waarna sy dit wou aansit, maar deur haar vingers laat glip het.

Mev Lynette de Villiers, vrou van insp. Div de Villiers, bevelvoerder van die polisie op Clarens, het 'n metaalverklikker in Bethlehem gaan haal nadat die polisie se hulp ingeroep is. Omstreeks 17:30 was daar nog geen teken van die ring nie en Madeleine moes met 'n swaar hart en sonder haar ring gaan slaap.

Die soektog het Dinsdag voortgegaan totdat kapt. André van der Linde, plofstofkundige van Bethlehem, ook kom help het. Van der Linde het skaars die metaalverklikker in werking gehad toe die diamantring omstreeks 11:00 tussen die gras verskyn het en die weer gelukkige paartjie hul verlowing kon afrond.

Olde-Olthof is oortuig die storie se naam is goeie geluk. Dit wys daar is darem lig in die tunnel van die huwelik wat nou vir hom voorlê. Madeleine sê die ring sal nou altyd bly waar dit hoort aan haar vinger. Nadat sy van blydschap 'n traan gestort het, is die paartjie na Durban om die verlowing te vier. Uit Die Volksblad 27/08/1998

AL KRUIPEND KRY HY RING IN SAND

DURBANVILLE.- "Die bejaarde vrou het my skeef aangekyk en op hoogdrawende Engels gevra waarom ek nou al vir 'n uur voor haar in die sand rondkruip. Sy het waarskynlik gedink ek is van lotjie getik." So vertel mnr Terence Osborn, wat sy vrou se verloofring op 'n strand by Clifton opgespoor het nadat hy dit drie dae tevore daar verloor het. Hy het die ring na 'n soektog van sowat twee uur weer gekry.

"Dit was 'n kwessie van die ring kry of sonder my vrou klaarkom. Sy was briesend omdat ek haar ring verloor het," het mnr Osborne gesê. Hy en sy vrou, Beulah, is Dinsdag saam met twee vriende na Clifton se Vierde Strand. "My vrou wou nie met die ring in die son lê nie omdat dit 'n wit merk op haar vinger sou laat en het die ring op die strand vir my gegee. Dit moes uit my sak geval het. Eers heelwat later is vasgestel dat die ring weg is.

Omdat ek met vakansie is, het ek gister besluit om na die ring te gaan soek. Dit was eintlik 'n onbegonne taak, want ek kon nie presies onthou waar ons gelê het nie. Daar was honderde mense op die strand. Met al die rondkruipery moes dit baie komies gewees het om my dop te hou. Die bejaarde vrou wat met my gepraat het, kon dit nie glo toe ek die ring gekry het nie. Teen daardie tyd het ek omtrent al die hele strand rondgekruip. Noudat ek weer die ring gekry het is daar weer vrede in die huis," het mnr Osborne gesê. Uit Die Burger 89/01/09

PERSBROKKIES

GROT-KRUIPERS WIL SIEKTE TROTSEER OP SOEK NA SKAT

'n Ekspedisie om 'n goudskatkis in 'n doolhofgrot in die Thabazimbi omgewing te vind waar talle mense al aan die gevreesde "grotsiekte" dood is, word deur 'n groepie Suid Afrikaners beplan. "Talle legendes van voorvaders wat in die grot verdwaal het, word deur die swart bevolking vertel" sê mnr Attie Snyman, leier van die ekspedisie. "Die grot word jaarliks deur sangomas en toordokters besoek wat geld en briewe by die ingang plaas. Dit is glad nie onmoontlik dat daar iets waardevols in die grot is nie, want waarom sou twaalf Duitsers in 1933 die grot besoek het op soek na goud? Hul avontuur het egter tot hul dood gelei," sê mnr Snyman.

By die grotingang is 'n stokou bordjie van die Landdros van Warmbad wat teen grotsiekte waarsku. Nog vyf Duitsers het vyf jaar later die eerste groep Duitsers gaan soek. Hulle het lewend uit die grot gekom, maar is kort daarna weens grotsiekte dood. Hul grafte is in die omgewing te sien.

Volgens Snyman het 'n boer in die omgewing by geleentheid 'n stafie goud in die omgewing opgetel. Die omgewing is nie bekend vir goudneerslae nie. Iemand moes die goud daarheen gebring het. Dit laat 'n mens wonder oor dinge soos die legendariese Kruger-miljoene... Nog 'n moontlikheid is dat vluggende Zoeloes (onder die Tjaka aanslae) in die vroeë jare 1830 die goud daar weggesteek het. Uit Die Burger 97/05/17

SKAT VAN R30M LÊ GLO EN WAG OP TWEE ERFGENAME

'n Skat ter waarde van R30 miljoen lê na bewering nog in die verre noordwestelike uithoek van die Kalahari begrawe. Die man wat meen hy weet presies waar dit lê, en wat nou gereed maak om dit te gaan uithaal, is mnr Ockert Stoltz van Krugersdorp. Mnr Stoltz het aan Rapport gesê hy is 'n hoogleraar en dat hy sy kwalifikasies in die destydse Belgiese Kongo verwerf het. Volgens hom lê die skatte ongeskonde in die onherbargsame woestyn versteek.

Hy vertel dat 'n prokureurs maatskappy in Port Elizabeth hom laat weet het dat sy peetpa, mnr Kaspir Brits, in sy testament 'n kaart aan hom nagelaat het wat presies aandui waar die skat lê. Die testament bepaal ook dat mnr Stoltz in verbinding moet tree met die seun van ene Krisjan Gobosa, 'n ou Damara wat sy oupa in die jare sestig raakgeloop het toe hy met sy geologiese opnames besig was. Hulle moet dan saam na die skat gaan soek en as hulle dit vind, moet dit tussen hulle verdeel word.

Mnr Stoltz het vandeeweek daarin geslaag om die seun, Jerry, buite Pretoria op te spoor. Daar heers nou groot opgewondenheid om met die soektog na die skat te begin wat in die heuwels van Botswana begrawe lê. Die skat bestaan na bewering uit derduisende goue Krugerponde, ander muntstukke, ou wapens, juwele en geskifte van onskatbare waarde. Uit Beeld 94/07/25

METAL DETECTING IN HEIDELBERG (GAUTENG)

PART 2 : THE OTHER SIDE OF THE COIN

By Eric van den Berg

I am convinced that if my History or English teachers had to see me today, they would shake their heads in disbelief. To be quite honest about it, it is rather strange to find me sitting in a library reading history books.

On numerous occasions I have been asked why I enjoy detecting so much. The reasons are too numerous to mention all of them.

History, although being a living thing, has never been able to grab my attention for more than a few moments at a time. When I started out "Treasure Hunting" I never dreamed of the world that it would unfold for me. Armed with my brand new detector, I wandered off into the open spaces surrounding Heidelberg, not really having a clue what I was looking for or what I was going to find. Needless to say, I didn't find too much on the first few outings, but "being out" was great therapy for the depression I suffer from. "There must be something out here," I recall thinking. Due to the lack of finds, the local playgrounds became my favourite sites as I was finding quite a few coins per outing.

Knowing that Heidelberg has a rich history dating from even the Voortrekkers 's time, I did not know where to search! "Old photographs and maps would surely show worthwhile positions to search." From there onward, I was hooked on detecting! For once in a long while, here was something that was holding my attention – keeping it away from the gloom this illness can bring. Suddenly, I wanted to know more, see more and find more. Here was a goal to reach again!

While out in the veld one day, an elderly gentleman came up to me and asked all the usual questions. As it turned out he had picked up a few buttons not too far away from where we were. "Had I found any?" he wanted to know. "Niks nie oom" was my disappointed reply. He pointed in the general direction and of the three of us went. (His dog never left his side) It was not long after reaching the area he pointed out that my detector gave a good signal.

The "Oom" must have seen the excitement on my face when I un-earthed my first British coat button. "Ek het mos gesê hulle is hier" "Ja oom, dankie oom"

Why were they there? Then the metal detective work started. In my spare time I spent hours searching for any clue I could get hold of and meeting very interesting people along the way.

Soon I had some idea about that location as well as others. Here I was, on a journey through history and away from depression. My curiosity was stimulated and my interest held firm.

Quite a few years have passed since those early detecting days of mine. The daily dose of Prozac has been replaced by a dose of detecting whenever time allows.

It's time to get back to my History and English teachers. As I have said, they would have been astounded to see me today. What I hated most during my school days has now become a passion. The then forced visits to the library are quite voluntary today and the research projects would certainly achieve "A" grades.

Without regret I look back and see how a simple metal detector has changed so much in my life. It just has to be the best and most rewarding hobby by far. If you are still in doubt whether or not to take up this hobby, take the plunge and never look back! You will not regret it!


PS. Here are some more of the finds that Mike and I have made around Heidelberg (Gauteng) We hope that you enjoy looking at the photos!

Editors note:


Eric van den Berg, as readers of Treasure Talk will know, is one of our regular contributors. He has been in the news lately for co-discovering an concentration camp graveyard for blacks who died during the Anglo-Boer War. Please see the article later on in this newsletter.

Here are some more of the finds Mike and I have made around Heidelberg (Gauteng)

These five photographs below show some more of the other shoulder titles we have found.




Kings Royal Rifles



Royal Brigade



Royal F...? Have not found out yet




Cavalry




S...? Still researching

Rings are not common finds in the open veld, but we have each found one.




Gilded ring



The hallmark




A Ring of Eastern origin we presume



Master Lock Co. Milwaukee, USA. Serial no: A1319
The Co. could not give any info. regarding the key or number.


Mr Eastman's Kodak Company.



Mr. Eastman had already Patented his Kodak "Instant" camera By the time of the Boer War. I have not yet been able to determine when spools came in use.



New Zealand Badge




A Free-Mason cufflink

REG.196465



SIMPLEST


This little canister on the right has us puzzled as to its use. It is made of some alloy with the "pin" made of steel.




This "Spike" was shown in a previous article →



A gilded button belonging to the Loyal North Lancashire Regiment



These two items are the left and right sided chinstrap fasteners of a helmet.



GRAFTE UIT ANGLO-BOEREOORLOG BY HEIDELBERG GEVIND

Deur Jan Jan Joubert (Beeld 23/7/99)

Knap speurwerk deur die Heidelbergse Historiese vereniging het 'n versweë bladsy uit die geskiedenis opgediep toe 'n begraafplaas vir 'n swart konsentrasiekamp uit die Anglo-Boereoorlog by die dorp gevind is. Mnre Eric van den Berg en Johann Strauss, twee plaaslike inwoners met 'n belangstelling in geskiedenis, het gister gaan wys waar dié grafte, wat 'n beroering in historiese kringe gaan veroorsaak, vlak langs die N3-hoofweg lê. Die twee mans het sowat twee maande gelede, nadat sommige van die grafte van swart mense uit konsentrasiekampe by Greylingstad gevind is, begin navorsing doen oor 'n soortgelyke begraafplaas by Heidelberg.



Researchers Johann Strauss, Erik van den Berg and Maurice Evans at a grave believed to be of a black person who died in a concentration camp outside Heidelberg during the Anglo-Boer War. The headstone states the person died in 1901 and his or her surname was Kgosana.

PIC: PAT SEBOKO

Swart mense is in die oorlog ewe ontredderd gelaat deur die Britse "verskroeiende aarde"-beleid as die Boeregesinne op wie se plase hulle as arbeiders gewerk het. Hulle is in afsonderlike konsentrasiekampe geplaas. In die konsentrasiekampe was die rantsoene selfs meer karig as in die wit kampe. In Heidelberg se swart konsentrasiekamp was daar volgens 'n opgawe 2 476 inwoners, waarvan 672 vroue en 1 175 kinders was. Dis sowat twee keer so groot as die kamp by Greylingstad. Hoewel daar geraam word dat 20 000 swart mense tydens die Anglo-Boere oorlog dood is, is baie grafte nooit gevind nie.

Strauss het egter 'n kaart uit 1905 gehad wat die swart begraafplaas aangedui het. Hy en van den Berg het begin soek. Nadat van den Berg die ou gegewens op 'n hedendaagse kaart oorgeplaas het, het hulle Vrydag op die grafte afgeklim, vlak by die Jacobsstraat-afrit van die N3. Tot dusver het hulle reeds sowat dertig grafte geïdentifiseer, maar daar is net een verweerde graf waarop die letters <--> COSANA ---MB--- leesbaar is. Die twee ontdekkers meen van die grafte kan onder die uitgegraafde grond wees wat vir die bou van die hoofweg weggeskraap is. Boonop was daar blykbaar 'n padbouerskamp in die terrein en meen hulle van die grafte kan aan die oorkant van die hoofweg wees. Heidelberg se wit konsentrasiekamp-kerkhof, byna binne sig van die pas ontdekte terrein, is na baie jare in 1949 opgeknip en 'n momument is daar opgerig.


VERKLIKKER VIND "SKATTE" UIT BOEREOORLOG

(Deur Carien Fourie - Die Beeld - 16/08/99)

Danksy die geesdrif van twee lede van die Heidelbergse historiese vereniging met die opspoor van geskiedkundige "skatte" met 'n metaalverklikker, sal dié dorp suid van Johannesburg 'n interresante versameling van voorwerpe uit die Anglo-Boereoorlog (ABO) kan uitstal wanneer die herdenking van die oorlog begin.

Mnre Eric van den Berg en Mike Bull het al meer as 2000 geweerpatrone, talle knope van Britse tunieks, wapens, munte, tentpenne, geroeste stukke van mondfluitjies, stukke horlosies, gespes, koper lugventileerders wat deel was van Britse helms en selfs 'n Britse soldaat se waterbottel opgespoor.

Van den Berg was ook onlangs betrokke by die ontdekking van 'n swart konsentrasiekampterrein. Hy sê soektogte met metaalverklikkers word ingevolge 'n bepaalde gedragskode gedoen. Nie almal wat so soektogte doen, "steel" dit vir hulself nie. Hy en Bull teken 'n kontrak met die eienaar van die grond waarop hulle wil gaan soek waarvolgens die eienaar eerste kan besluit of hy 'n voorwerp wil hê of nie.



Mnr. Eric van den Berg wys 'n lapel- of petwapen wat met behulp van 'n metaalverklikker in die Heidelberg-omgewing gevind is. Die woorde Sherwood Forester en Derbyshire verskyn daarop en die wapen het die vorm van 'n koningin se kroon wat daarop dui dat dit van die Victoriaanse tydperk dateer.

Foto: REG CALDECOTT

Die meeste van die voorwerpe wat met die ABO verband hou, is op munisipale grond gevind en aan die stadsraad van Heidelberg gegee. Die digter en dokter A. G. Visser se huis in die dorp word gerestoureer om van waarskynlik aanstaande maand as inligtingskantoor te dien. Voorwerpe uit die ABO sal daar uitgestal word. Volgens van den Berg was daar tydens die ABO sowat 5000 Britse troepe in Heidelberg. Die dorp was tydens die Eerste Vryheidsoorlog die hoofstad van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR).

Onder die interresante munte wat Van den Berg gevind het, is 'n Britse goue Sovereign-munt van 1887 wat aan die een kant Victoria se gesig het en aan die ander kant 'n uitbeelding van die legende van St George en die draak. Die munt van 22 kar. goud is so groot soos 'n hedendaagse 50c-stuk en in goudwaarde sowat R350 werd.

Van den Berg sê hy en Bull wil nie hul vondse verkoop nie. Die plesier lê daarin om die voorwerpe te soek en dan op 'n speurtog deur dokumente en boeke te gaan om uit te vind presies wat dit is. Die metaalverklikker kan 'n voorwerp so groot soos 'n pennie op 'n diepte van 40cm opspoor. Om 'n interresante vonds te kry, vereis ure se geduldige soek. Alle belangrike items wat gevind word, word aangeteken en afgeneem.



SKOP DIE MUNTSTUKKE UIT !

DEUR LUKAS VAN DER MERWE

DIE GEDAGTES HARDLOOP SO DEUR MY KOP TERWYL DIE EEN MUNTSTUK NA DIE ANDER DEUR DIE ROOI GROND OPKOM OM DIE DAGLIG TE AANSKOU NA JARE SE WATER EN SLYK WAT HULLE OORWELDIG HET.

ROBINSON-MEER BESTAAN AL AMPER N EEU LANK.. DIT HET SY ONSTAAN GEHAD IN DIE BEGIN VAN DIE EEU TOE DIE GOUD-MYNE HULLE KRAG SELF OPGEWEK HET-DEUR GEBRUIK TE MAAK VAN STOOMTURBINES.

DIE KRAGSTASIE SE WARM WATER IS IN DIE MEER INGELAAT WAAR KOUE WATER WEER VANAF DIE MEER IN DIE STASIE INGEPOMP IS OM HOM KOEL TE HOU.

SO HET DIT GEKOM DAT DIE MYNE DIE MEER BESKIKBAAR GESTEL HET VIR DIE PUBLIEK IN DIE VROEE 1900'S VIR N VAKANSIEOORD. DIE WATER WAS DEUR DIE JAAR WARM.EN SO DEUR DUISENDE MENSE DAAGLIKS BESOEK.

N BEKENDE SANGERES GWENITH

VAN DIE MEER.SY HET OOK NABY DIE MEER IN N VLIEGTUIG DOOD VERONGELUK. .NAWEKE HET SY EN NOG ANDER GROEPE OPGETREE BY ROBINSON MEER.

NA DIE METAALVERKLIKKER GOGGA MY GEBYT HET, HET DIE MEER HEELWAT BESOEK. EK KON NOG ONDHOU IN DIE SESTIGJARE TOE EK NOG N TJOKKER WAS WAAR ONS IN DIE MEER GESWEM HET..MY PA HET NOU NOG N 8mm FILM WAT HY DESTYDS GENEEM HET. HY HET ALTYD AS ONS DIE FILMS GEWYS HET DIE MANNE OP DIE DUIK-PLANK AGTERUIT LAAT DUIK AS HY HOM TERUG LAAT LOOP HET,DAN HET ONS SO LEKKER GELAG.

DESTYDS TOE EK NOG IN DIE MYNBEDRYF WAS, HET DIE OU MANNE HULLE STAALTJIES MET ONS GEDEEL OOR ROBINSON-MEER. DIE PARTYJIES ,GEVRYERY EN OOK WAAR HULLE GEDUIK HET , EN MET HANDE VOL MUNTSTUKKE NA BOONTOE GESWEM HET.

DIE MYN HET DIE KRAGSTASIE IN DIE JARE VYFTIGS GESLUIT EN VAN EVKOM KRAG GEBRUIK GEMAAK. DIE BELANGSTELLING HET HEELWAT AFGENEEM DEURDAT DIE WATER DAAR NOGAL HEELWAT KOEL IS IN DIE WINTER EN SOMER.

DIE MEER IS IN DIE VROEE TAGTIGS HEELTEMAL VIR DIE PUBLIEK GESLUIT EN DIT IS TOE AS N VISVANGKLUB EN IN DESEMBER VIR MYN-KERSPARTYJIES AAN GEWEND.

DIE METAALVERKLIKKER HET MY WEER LAAT DINK AAN DIE MEER. .EK HET TOESTEMMING VAN DIE MYNSEKURITEIT GEKRY OM BINNE DIE GRONDE TE GRAWE. HEELWAT MUNTSTUKKE WAS GEVIND, TOT BUITE DIE GRONDE WAAR DIE MENSE PIEKNIEK GEHOU HET.

EENDAG HET DIE DUIKERS KLUB VAN DIE MYN MY GEVRA OM VIR HULLE EEN OF TWEE VERKLIKKERS TE LEEN OM IN DIE MEER TE GAAN DUIK. DIE SLYK WAS TE DIK EN NIKS IS GEVIND NIE .




FOTO VANAF DIE DUIKPLANK

MAAR DIE KERSIE OP DIE KOEK WAS TOE EK SO IN MAART '99 VERBY DIE MEER RY EN SIEN DAT DIT LEEG WAS EK HET VINNIG OP MY SEL VIR OOM KOBUS GESKAKEL, EN DIT VIR HOM GENOEM.

ONS HET VINNING TOESTEMMING VAN DIE MYN SEKURITEIT GEKRY EN BEGIN OM TE GRAW.

MET MY DRUK PROGRAM KON EK VIR DIE EERSTE TWEE DAE DIT NIE MAAK NIE. MAAR OOM KOBUS KON NIE OPHOU BEL OM MY JALOERS TE MAAK MET DIE FONDSE NIE. DIE EERSTE DAG HET HY OMTRENT TAGTIG MUNTSTUKKE UITGEHAAL EN SEWE GOUE RINGE.

DAARNA HET DIE GOUE GANS NET DIE EIERS GELE. NA VYF KEER SE UITGAAN HET ONS OOR DIE SESHONDERD MUNTSTUKKE UITGEHAAL EN SO SES EN TWINTIG GOUE RINGE.

BY DIE DUIKPLANK HET EK DIE BOONSTE LAAG GEKRAAKTE AFSAKSEL VERWYDER EN DIE MUNTSTUKKE BESWAARLIK UITGESKOP (TE MOEG OM DIE FONDSE UIT TE GRAW)




FOTO VANAF DIE WAL


DIT IS WAAR EK BY DIE OPSKRIF UITGEKOM HET DIE LAASTE UITSTAPPIE HET EK HONDERD EN TAGTIG MUNTSTUKKE UITGEHAAL EN SES GOUE RINGE.

DIE BESTE VAN ALLES IS DIE BEURSIE WAT OOM KOBUS UITGEHAAL HET MET DRIE MUNTSTUKKE IN. ONS HET OOK ONDER ANDER KAMME, VALSTANDE, BOTTELS EN DUIKBRILLE UIT GEHAAL.

MAAR EEN DING IS SEKER DAAR IS NOG BAIE GOUE EIERS WAT DIE GANS GELE HET EN VIR ONS WAG OM TE VIND. WAT NATUURLIK SOMMER BAIE GOU OOK SAL WEES.

(NS. DIE MEER IS DEUR 'N PRIVAAT MYNGROEP LEEG LAAT LOOP VIR TOEKOMSTIGE AKTIVITEITE. GELUKKIG HET

DIE SLEGTE GOUDPRYS SY VOORDEEL VIR ONS IN GEHOU.)



**300 MUNTSTUKKE EN 10 GOUE RINGE
IN VIER URE.**

MUNTSTUKKE GEVIND BY ROBINSON LAKE RANDFONTEIN



1939
1942
1943 X 3
1945
1951



1920
1932
1940 X 2
1941
1942 X 5

1943 X 4
1944 X 2
1945
1949
1952



1961 X 5
1962
1963 X 2
1964




1890
1905
1908 X 2
1909
1912 X 3
1913 X 3
1915
1916 X 2
1917 X 2
1918 X 2
1919 X 3
1920 X 3
1921 X 4

1921 X 4
1927
1928
1930 X 2
1932
1933
1934 X 7
1935 X 4
1936 X 10
1937 X 2
1938 X 4
1939 X 5


1940 X 10
1941 X 17
1942 X 28
1943 X 17
1944 X 8
1945 X 11
1946 X 4
1948 X 5
1949 X 4

1950 X 2
1951 X 4
1952 X 4
1953 X 2
1954 X 3
1955 X 2
1956
1957
1958
1959



1961 X 18
1962 X 2
1963 X 4
1964 X 4

1 X DATUM ON LEES BAAR



1927
1929
1933 X 3
1935
1937
1936
1938 X 2
1939

1940
1941 X 6
1942 X 4
1943 X 4
1949 X 3
1950 X 5
1951 X 2
1952 X 4

1953
1954
1955
1957



1896
1924
1925
1929
1932 X 4
1933 X 2
1934 X 2
1935
1937 X 2
1938 X 2

1940 X 2
1942 X 7
1943 X 7
1944
1945
1948 X 2
1950 X 6
1952 X 3
1955 X 2

7 X DATUM ON LEES BAAR



1929
1932 X 4
1934 X 2
1935 X 2
1936
1937 X 2
1938

1940
1942 X 6
1944
1951
1954 X 2
1955
1956 X 2
1958 X 2

11 X DATUM ON LEES BAAR



1962

TWEE SJIELLINGS



1923	1940
1924	1941
1925	1943 X 2
1927	1944
1935	1945
1936	1952 X 4
1937	1954 X 3
1938	1955
1956	
1957	
1958 X 4	

5 X DATUM ON LEES BAAR

HALF KROON



1922	1952
1923 X 2	1953 X 3
1924 X 2	1954 X 5
1932	1955 X 2
1934	1956
1935	1957
1939	
1940	
1942 X 2	
1943	
1944	
1951	

5 X DATUM ON LEES BAAR



1 X 1970




40 SENTE (1965 - 1989)
DATUMS ON LEES BAAR



46 TWEE SENTE (1965 - 1990)
DATUMS ON LEES BAAR



19 VYF SENTE (1965 - 1989)
DATUMS ON LEES BAAR



23 TIEN SENTE (1965 - 1990)
DATUMS ON LEES BAAR



39 TWINTIG SENTE (1965 - 1990)
DATUMS ON LEES BAAR




11 VYFTIG SENTE (1965 - 1990)
DATUMS ON LEES BAAR




VOOR




AGTER



2 CM




Van die goue ringe
en 'n goue hangertjie



NIE METAAL VOORWERPE

NOG
FOTOS
VAN
ONS
SOEKTOG
EN
VONDSE



bickels

Coins & Medals/ Munte & Medaljes

Reg. No.65/07326/07

Est. 1965 Gestig

**WE BUY AND SELL
ONS KOOP EN VERKOOP**

Krugerrands / Krugerrande
Numismatic coins/Numismatiese Munte
Banknotes / Banknotes
War Medals / Oorlogmedaljes
Medallions / Gedenkpenning
Bullion

We travel all over the Republic buying and selling items. For personal service and to discuss this unique service please phone, during office hours

Rick Liggett

Tel: (011) 833-1343/44

Fax: (011) 834-2980

Cell: 082-445-1461

Ons reis oor die hele Republiek om items te koop of te verkoop. Vir gratis persoonlike advies en om hierdie diens te bespreek, skakel asseblief bogenoemde gedurende kantoorure.

P O Box / Posbus 61002 Marshalltown 2107

3rd Floor Volkskas Bld 76 Market Street Johannesburg

3 de vloer Volkskas Gebou Markstraat 76
Johannesburg


We are also dealers in Vintage, Veteran & Classic Cars

Ons is ook handelaars in Veteraan en Klassieke motors

***INTERESTED
IN MINELAB OR C-SCOPE DETECTORS?***

Call Eric van den Berg (Cel: 083 455 7329)

MAKE THIS MAN SMILE
WRITE US A LETTER OR ARTICLE!



ADVICO TRONIX


vir:

C.SCOPE
 Metaalverklikkers

Oók beskikbaar:
 Pyp en Kabel
 opspoorders
 en Sekuriteits
 Metaalverklikkers

Kontak: Noël Swartz
 Tel/Faks: (012) 808 1268
 Sel: 083 725 7371

Advico Tronix
 Posbus 31188
 Totiusdal
 0134



C.SCOPE
 PROFESSIONAL METAL DETECTORS

NATURAS WANTED



LION



RHINO



ELEPHANT

Singles or Sets
 Phone around for offers and come to us to
 conclude your deal.
 Best cash prices paid.
 Cliff, Mariaan & Ellie.

*For free personal advice about coins, medals or banknotes
 kindly telephone during office hours.
 Vir gratis persoonlike advies, oor munte, medaljes of banknote skakel
 asseblief gedurende normale kantoorure.
 Founder member of SAAND*

RANDBURG
 COIN - MUNT

CK 892532623

Shop/Winkel 129, Level/Vlak 3,
 Sanlam Centre/Sentrum
 RANDBURG 2125
 South Africa / Suid Afrika

P O Box / Posbus 2434
 RANDBURG 2125
 South Africa / Suid Afrika
 Tel. (011) 739-2233; 4
 Fax. (011) 825-6404

R 10.00

TREASURE HUNTING

Cape Town-South Africa

ALL THE BEST BEACHES

BEACH HUNTING TIPS & TRICKS

BEACH & SHALLOW WATER HUNTING

BEST FINDS & ALL THE STORIES



Readers of our August newsletter will remember the nice photo received from Shaun Engler as a suggestion for a future front page. Well, Shaun has done it again - this time with an even nicer photo - at least from a male readers point of view!!

TREASURE TALK WISHES ALL OUR READERS A HAPPY CHRISTMAS AND A PROSPEROUS NEW YEAR. GOOD LUCK WITH YOUR FINDS AND MAY FATHER CHRISTMAS FILL THAT GOODY BAG!

This newsletter is sponsored by :-
Hierdie nuusbrieff word geborg deur:-



SANTAM LTD/BPK

**SHORT TERM INSURERS
KORTTERMYN VERSEKERAARS**



TREASURE TALK WENS AL ONS LESERS 'N GESEëNDE KERSFEES EN 'N VOORSPOEDIGE NUWE JAAR TOE. VOORSPOED MET DIE VONDSE EN MAG VADER KERSFEES HELP OM DAARDIE "GOODY BAG" VOL TE MAAK!